

NOTICE 1062 OF 2014

'n agentskap van die
Departement van Kuns en Kultuur

WET OP GEBRUIK VAN AMPTELIKE TALE, 2012 (WET NO. 12 VAN 2012)

BELEID TOV TAALGEBRUIK

In bepaling met artikel 4 (1) van die Wet op Gebruik van Amptelike Tale, 2012 (Wet No. 12 van 2012) het die Afrikaanse Taalmuseum en –monument die beleid t.o.v. taalgebruik ingestel.

Persone wat graag kommentaar op die beleid t.o.v. taalgebruik wil lewer, moet hulle kommentaar binne 30 dae van die datum van publikasie na die volgende kontakbesonderhede stuur:

Vir aandag:


Die Direkteur van die Afrikaanse Taalmuseum en –monument
Mnr JP Louw
Pastorielaan 11
Paarl
7646

Of faks na: 021 871 1106

Of epos na die volgende epos adresse:

finbestuur@taalmuseum.co.za / admin@taalmuseum.co.za

Geteken deur:



JP Louw
Direkteur

Datum: 18 November 2014



'n agentskap van die
Departement van Kuns en Kultuur

BELEID T.O.V. TAALGEBRUIK

1. In navolging van die voorwaardes van Art.6(3)(a) van die Grondwet is dit die keuse van die ATM om Afrikaans as voertaal vir daaglikse bedrywighede te gebruik.
2. Behalwe Afrikaans, word Engels en isiXhosa ook gebruik.
3. Afrikaans en Engels sal as spreek- en skryftaal gebruik word om met die publiek te kommunikeer terwyl isiXhosa slegs in uitstallings gebruik sal word.
4. In gevalle waar 'n lid van die publiek een van die ander amptelike tale of gebaretaal gebruik, sal die hulp van 'n tolk verkry word indien moontlik.
5. 'n Kopie van hierdie beleid sal in die ontvangslokaal vertoon word en tot die publiek se beskikking wees.
6. Die publiek kan van die ATM se bestaande klagtevorm gebruik maak vir klagtes oor die gebruik van amptelike tale by die ATM.